

Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Forum)
Publication Date: 29 Nov 2017
Page: 9

AVE: 9477.67
Circulation: 7783
Part: 1 of 1

# Só bevorder aktivisme en protes vrede

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Elke jaar neem Suid-Afrikaners deel aan die internasionale veldtog vir geen geweld teen vroue en kinders.

Dié 16 dae van aktivisme duur van 25 November (die Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld teen Vroue) tot 10 Desember (Internasionale Menseregtedag).

Dit is in die aard van die Christelike en ander godsdienstige tradisies om te protesteer en getuig vir 'n samelewing van menswaardigheid, geregtigheid, vrede en vreugde vir almal, en om te protesteer téén enigiets wat daardie visie verraai.

Die klassieke gebed, Laat U koninkryk kom, is 'n protesgebed.

Dit getuig en pleit vir 'n samelewing van geregtigheid, vrede en vreugde vir almal (Romeine 14:17), en dit protesteer teen beleide en besluite, handelinge en praktyke wat daardie samelewing verloën.

> **Waar geweld teen die weerloosstes beëindig word, verdwyn geweld in die geheel.**

Aktivisme is 'n spesifieke vorm van protes.

Aktivisme prioritiseer 'n spesifieke saak en begin gepaste veldtogte om radikale verandering ten opsigte van daardie saak teweeg te bring.

Die spesifieke aksie om geweld teen vroue en kinders te beëindig, beoog ook om alle vorme van geweld te beëindig.

Waar geweld teen die weerloosstes beëindig word, verdwyn geweld in die geheel.

In sy *Liberating Reformed Theology* redeneer die Suid-Afrikaanse teoloog John de Gruchy dat die geregtigheidslogika van die Christelike tradisie vanaf die spesifieke tot die algemene werk.

Die Peruaanse bevrydingsteoloog Gustavo Gutiérrez voer aan dat die geregtigheidstrewe vir die weerloosstes nie 'n uitsluitende fokus is nie, maar dat dit wel 'n primêre en prioriteitsfokus is.

Om geregtigheid vir die weerloosstes en vir almal te verseker, vereis dat ons voortdurend in protesmodus funksioneer, dat ons voortdurend die visie van die nuwe samelewing onthou, en dat ons altyd die oue en verdrukkende raaksien en beveg.

Dit vra ook dat ons aktivisme beoefen, dat ons daadwerklik op spesifieke uitdagings van weerloses fokus, en dat ons derhalwe inklusiewe geregtigheid vir almal bevorder.

Uit my jeugjare onthou ek hierdie formulering: "To love the world for me is no chore; my problem is the person next door."

Om geweld teen mens en plant, dier en natuur "in die algemeen" te oorkom, is spesifieke veldtogte vir die afbreek van geweld teen spesifieke mense, veral teen die mees brose, onontbeerlik.

Spesifieke veldtogte is dus nie net die verantwoordelikheid van sommige nie, maar dit vra almal wat vrede liefhet, se eienaarskap daarvan.

■ **Nico Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.